

2 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 14:25-33

Fokusgedeelte: Lukas 14:26, 27

Meeloper of ware dissipel

“As iemand na My toe kom ...” – maak nie saak wie jy is nie, maak nie saak of jy ryk of arm, slaaf of vry, geleerd of ongeletterd, is nie – as enigiemand ... My wil volg, as enigiemand ... my ware dissipel wil wees, dan geld die volgende goue beginsel: Jy moet *afstand doen ... haat ... verpes ... verafsku!* So kan die Griekse woord letterlik vertaal word.

Waarvan moet die Here se ware dissipels afstand doen? *Van eie vader en moeder ... en (man) en vrou en kinders ... en broers en susters ... en ja, selfs van sy eie lewe!* In vers 33 voeg Jesus by: *van al sy besittings!*

Is dit nie 'n bietjie skerp gestel nie? Wil die Here Jesus dan werklik hê dat ons *alles én almal* wat vir ons dierbaar is, moet *HAAT*, moet *VERAFSKU*? Die grootste gebod is tog om lief te hê! *God en jou naaste soos jouself!* Selfs liefde vir die vyand! Hoe dan nou?

Jesus maak gebruik van 'n skok-tegniek om sy luisteraars se aandag te fokus op dit wat Hy sê. Dis nie dat hulle letterlik al hierdie dinge moet haat nie, néé, dit moet net minder belangrik wees as hulle liefde en toewyding aan Hom. Kom ons draai dit om en stel dit positief: As iemand Jesus se dissipel wil wees, moet hy Hom *méér liefhê* ... Hom *inniger bemin* ... Hom *kosbaarder* en *hoër ag* – as enigiets of enigiemand anders! Só word die meelopers en die ware navolgers van mekaar geskei! Dis die kruis wat ons moet opneem as ons Hom wil volg!

'n Bouer kan dalk nog halfpad met sy bouwerk stop en later klaarmaak, maar die koning wat dreigende oorlog in die gesig staar, het nie die luukse om uit te stel of tot later te wag nie. Hy moet blitssnel optree. Hy moet besluit – óf ek soek vrede óf ek loop die oormag storm. So is dit ook met ons. Die keuse om Christus te volg, sy kruis op te neem en onself te verloën, is nie 'n ligtelike saak nie. Die genadetyd skiet verby. Die Koning wat teen ons optrek, is die Regter wat oor die lewendes en die dooies sal regsprek. Hy sal die ware dissipels en meelopers van mekaar skei en beloon of vergeld.

Is jy 'n meeloper of dissipel? Mag elkeen van ons in gehoorsaamheid reageer op die roepstem van die Gees, onself verloën, ons kruis opneem en die Here Jesus volg. Hy het sy kruis, néé, ons kruis gedra tot volkome versoening van ons sondes. Sal ons dan anders kan as om Hom in dankbaarheid altyd eerste te stel en Hom die hoogste prioriteit in ons lewe te maak?

Sing: Psalm 18:1 (Totius)

Ds. CJ Nagel (jr) (Nylstroom)